5. (1) Any informant shall as far as possible furnish all the particulars relating to a birth, still-birth or death on the relevant form of information.

(2) Except where in section 10 of the Act it is determined otherwise such particulars shall, similarly be furnished in the case of the birth of an illegitimate child.

Filling in of forms

6. (1) Any entry made in terms of the Act and these regulations on any form, register, certificate or other document shall be written out in full without abbreviations and may be typewritten or written by hand in black ink: Provided that any date, unless otherwise stated, may be written in full in figures.

(2) The signature or mark of an informant shall be made by the informant only and shall be his ordinary signature or mark.

(3) The registrar or assistant registrar shall witness the signature or mark of an informant furnishing verbal information at the office of the registrar or assistant registrar.

(4) When such signature is in a foreign script or illegible, or if the informant has signed the form of information with a mark, the person

Distrik of gebied van registrasie van geboorte

4. Wanneer in die geval van die voorbehoudsbepaling by artikel 19 van die Wet die vader of moeder van die kind in 'n ander gebied woonagtig is as dié waarin die geboorte plaasgevind het, en daardie vader of moeder die voorgeskrewe kennis of inligting aan die registrateur of assistent-registrateur in wie se gebied sy of haar woonadres is, verskaf het, moet sodanige registrateur of assistent-registrateur die vorm van aangifte teken en dateer en dit versend aan die registrateur van die distrik of gebied waarin sodanige geboorte plaasgevind het wat sodanige gebeurtenis dan op die gewone wyse registreer.

Aangewer se plig

5. (1) 'n Aangewer moet sover moontlik alle besonderhede met betrekking tot 'n geboorte, doodgeboorte of sterfgeval op die toepaslike vorm van aangifte verstrek.

(2) Behalwe waar anders in artikel 10 van die Wet bepaal word, moet sodanige besonderhede insgelyks verstrek word in die geval van die geboorte van 'n buite-egtelike kind.

Invul van vorms

6. (1) Enige inskrywing wat ingevolge die Wet en hierdie regulasies op enige vorm, register, sertifikaat of ander dokument aangebring word, moet volledig sonder afkortings uitgeskryf word en kan getik of met die hand in swart ink geskryf word: Met dien verstande dat enige datum, tensy anders bepaal, volledig in syfers geskryf kan word.

(2) Die handtekening of merk van 'n aangewer word slegs deur die aangewer gemaak en moet sy gewone handtekening of merk wees.

(3) Die registrateur of assistent-registrateur moet getuie wees van die handtekening of merk van 'n aangewer wat mondelinge inligting by die kantoor van die registrateur of assistent-registrateur verskaf.

(4) Wanneer sodanige handtekening in 'n vreemde skrif of onleesbaar is, of indien die aangewer die vorm van aangifte met 'n merk onderte-

completing the form shall write the name indicated by such signature or mark in block letters in ordinary writing above or underneath such signature or mark.

Reregistration of birth

7. With reregistration of a birth as contemplated in section 11 of the Act no reference shall be made to the previous registration on the new form.

Multiple births

8. If a woman be delivered of more than one child at a single confinement, the information concerning the birth of each child shall be furnished on a separate form of information and the exact time (if known) of each birth shall be recorded on such form.

Death shortly after birth

9. If a child is born alive, but dies shortly after birth, forms of information of birth as well as death shall be completed.

Completion of birth registers and death registers

10. (1) Any birth register and death register, as the case may be, shall be completed in full: Provided that in the case of a still-birth only the full names (if any) of the child, the full names of the father, or of the mother if the child is illegitimate, the date of birth and sex of the child and the word "still-birth" shall be recorded in the death register.

(2) Entries in the birth register and death register, as the case may be, shall be made in the order of the date of registration.

Errors in birth registers and death registers

11. (1) Before the registrar transcribes any information into any birth register or death register, he shall carefully examine the form of information and, if necessary, amend the contents thereof in accordance with the Act and these regulations.

ken, moet die persoon wat die vorm invul die naam wat deur sodanige handtekening of merk aangedui word in blokletters in gewone skrif bo of onder sodanige handtekening of merk skryf.

Herregistrasie van geboorte

7. By herregistrasie van 'n geboorte soos in artikel 11 van die Wet beoog, word geen verwysing na die vorige registrasie op die nuwe vorm gemaak nie.

Veelvuldige geboortes

8. Indien 'n vrou by 'n enkele bevalling aan meer as een kind geboorte skenk, moet die inligting aangaande die geboorte van elke kind op 'n aparte vorm van aangifte aangegee word en moet die juiste tyd (indien bekend) van elke geboorte op sodanige vorm aangeteken word.

Sterfte kort na geboorte

9. (1) Indien 'n kind lewend gebore is, maar kort na geboorte sterf, moet vorms van aangifte van geboorte sowel as sterfte ingevul word.

Voltooiing van geboorte- en sterfgevalleregisters

10. (1) 'n Geboorte- en sterfgevalleregister, na gelang van die geval, moet volledig ingevul word: Met dien verstande dat in die geval van 'n doodgeboorte slegs die volle name (as daar is) van die kind, die volle name van die vader of van die moeder as die kind buite-egtelik is, die datum van geboorte en geslag van die kind en die woord "doodgeboorte" in die sterfgevalleregister aange-teken word.

(2) Inskrywings in die geboorte- en sterfgevalleregister, na gelang van die geval, word in die volgorde van die datum van registrasie gemaak.

Foute in geboorte- en sterfgevalleregisters

11. (1) Voordat die registrateur enige besonderhede in enige geboorte- of sterfgevalleregister oorskryf, moet hy die vorm van aangifte noukeurig nagaan en, indien nodig, die inhoud daarvan wysig ooreenkomstig die Wet en hierdie regulasies.

(2) Any error in any birth register or death register shall be corrected by only drawing a line in ink through the erroneous word, letter or figure and inserting the correct word, letter or figure above it.

(3) An obvious or negligent error or omission, excluding any error or omission referred to in subregulation (4), in any such form or register shall be corrected or completed by the registrar or assistant registrar who shall initial and date such correction or completion.

(4) If any error or omission occurs on any such form or register -

(a) in the case of any birth, in connection with -

- (i) the names of the child or of the parents;
- (ii) the sex of the child;
- (iii) the date of birth of the child; or

(b) in the case of any death, in connection with -

- (i) the names of the deceased;
- (ii) the sex of the deceased;
- (iii) the age of the deceased;
- (vi) the marital status of the deceased;
- (v) the date of death,

(aa) the correction or completion of such error or omission, as the case may be, shall be initialled and dated by the informant and the registrar or assistant registrar concerned; or

(bb) if such informant is not able to personally initial such correction or completion, he shall give written permission thereto; and

(cc) such written permission shall be attached to the form or register concerned.

(2) 'n Fout in 'n geboorte- of sterfgevalleregister word verbeter deur slegs 'n lyn met ink deur die foutiewe woord, letter of syfer te trek en die korrekte woord, letter of syfer daarbo in te skryf.

(3) 'n Klaarblyklike of nalatige fout of weglating, uitgesonderd 'n fout of weglating in subregulasie (4) bedoel, in enige sodanige vorm of register word verbeter of aangevul deur die registrateur of assistent-registrateur wat sodanige verbetering of aanvulling parafeer en dateer.

(4) Indien 'n fout of weglating op enige sodanige vorm of register voorkom -

(a) in die geval van 'n geboorte, met betrekking tot -

- (i) die name van die kind of die ouers;
- (ii) die geslag van die kind;
- (iii) die geboortedatum van die kind; of

(b) in die geval van 'n sterfgeval, met betrekking tot -

- (i) die name van die oorledene;
- (ii) die geslag van die oorledene;
- (iii) die ouderdom van die oorledene;
- (iv) die huwelikstaat van die oorledene;
- (v) die sterfdatum,

moet -

(aa) die verbetering of aanvulling van sodanige fout of weglating, na gelang van die geval, deur die aangewer en die betrokke registrateur of assistent-registrateur geparafeer en gedateer word; of

(bb) indien sodanige aangewer nie persoonlik sodanige verbetering of aanvulling kan parafeer nie, hy skriftelik daartoe toestem, en

(cc) sodanige skriftelike toestemming aan die betrokke vorm of register geheg word.

Double registrations

12. (1) If any birth, still-birth or death has been registered twice, the registrar or assistant registrar concerned shall, if the relevant forms of information are still in his possession, cancel the form found to be incorrect, or the second form if they are identical, and make a reference on both forms to one another and attach such forms to one another.

(2) The Secretary shall determine which form is to be cancelled if such registrations are discovered after the relevant forms have been forwarded to the Secretary.

Forms which cannot immediately be completed

13. (1) Any form of information which cannot be completed forthwith in terms of the provisions of section 5 of the Act or these regulations shall be held back by the registrar for a maximum period of one month.

(2) If after expiry of such period it is still found impossible to obtain the prescribed particulars required to complete such form, such registrar shall register the form, forward it to the Secretary and advise the latter of his inability to obtain the necessary information.

(3) If the required information is received after such form has been forwarded to the Secretary, the registrar shall enter the additional particulars in the register concerned and forward such additional particulars to the Secretary to be filled in on such form.

Issuing of certificates and orders

14. (1) No person shall in respect of a birth, still-birth or death of which he is the informant or a marriage to which he is a party, issue or sign a birth certificate, proof of registration of a birth, burial order, removal order, death certificate or marriage certificate, as the case may be.

(2) The registrar shall on receipt of a form of information or when a search has been made, issue an abridged birth or death certificate on the prescribed forms.

Dubbelle registrasies

12. (1) Indien 'n geboorte, doodgeboorte of sterfgeval twee keer geregistreer is, moet die betrokke registrateur of assistent-registrateur, indien die toepaslike vorms van aangifte nog in sy besit is, die vorm wat foutief is, of die tweede vorm indien hulle presies dieselfde is, kanselleer en op albei vorms 'n verwysing na die ander aanbring en sodanige vorms aanmekaar heg.

(2) Die Sekretaris bepaal watter vorm gekanselleer word indien sodanige registrasies ontdek word nadat die betrokke vorms aan die Sekretaris versend is.

Vorms wat nie onmiddellik voltooi kan word nie

13. (1) Enige vorm van aangifte wat nie onmiddellik ingevolge die bepalings van artikel 5 van die Wet op hierdie regulasies voltooi kan word nie, moet deur die registrateur agterweë gehou word vir 'n maksimum tydperk van een maand.

(2) Indien dit na afloop van sodanige tydperk nog onmoontlik is om die voorgeskrewe besonderhede te bekom ten einde sodanige vorm te voltooi, moet sodanige registrateur die vorm registreer, dit aan die Sekretaris versend en laasgenoemde in kennis stel van sy onvermoë om die nodige inligting in te win.

(3) Indien die vereiste inligting ontvang word nadat sodanige vorm aan die Sekretaris versend is, moet die registrateur die bykomende besonderhede in die betrokke register inskryf en sodanige bykomende besonderhede aan die Sekretaris versend om op sodanige vorm ingevul te word.

Uitreiking van sertifikate en orders

14. (1) Niemand mag ten opsigte van 'n geboorte, doodgeboorte of sterfgeval waarvan hy die aangewer is of 'n huwelik waarby hy 'n party is, 'n geboortesertifikaat, bewys van registrasie van geboorte, begrafnisorder, verwyderingsorder, sterftesertifikaat of huweliksertifikaat, na gelang van die geval, uitreik of onderteken nie.

(2) Die registrateur reik by ontvangs van 'n vorm van aangifte of wanneer 'n nasporing gedoen is, 'n verkorte geboorte- of sterftesertifikaat op die voorgeskrewe vorms uit.

(3) The Secretary, registrar, marriage officer or magistrate may issue upon receipt of a written application for a search to be made in any register as contemplated in section 42(1) of the Act -

- (a) an abridged birth certificate;
- (b) a full birth certificate;
- (c) an abridged marriage certificate;
- (d) a full marriage certificate;
- (e) an abridged death certificate, or
- (f) a full death certificate,

as the case may be, on the prescribed forms.

(4) The Secretary or any official authorised thereto by him may -

- (a) issue any certificate referred to subregulation (3) to government departments of the Republic of South Africa or any foreign country if in his opinion such certificate is required for official purposes;
- (b) at any time demand the return of any certificate referred to in subregulation (3) if he suspects that it has been tampered with or that the conditions on which it was issued have not been complied with.

(5) In the case of a still-birth an abridged birth certificate may be issued with the words "Certificate of Still-birth" affixed thereon.

(6) Any birth certificate, marriage certificate or death certificate shall be issued without any amendments.

Returns

15. (1) The person in charge of any hospital, maternity home, nursing home, orphanage or similar institution shall, when called upon to do so, furnish the registrar or assistant registrar of the district or area in which such institution is situated, weekly with a return of all births, still-births and deaths that occurred at such institution.

(3) Die Sekretaris, registrateur, huweliks-beampte of landdros kan by ontvangs van 'n skriftelike aansoek om in enige register 'n nasporing te laat doen soos in artikel 42(1) van die Wet beoog -

- (a) 'n verkorte geboortesertifikaat;
- (b) 'n volledige geboortesertifikaat;
- (c) 'n verkorte huweliksertifikaat;
- (d) 'n volledige huweliksertifikaat;
- (e) 'n verkorte sterftesertifikaat, of
- (f) 'n volledige sterftesertifikaat;

na gelang van die geval, op die voorgeskrewe vorms uitreik.

(4) Die Sekretaris of 'n beampte deur hom daartoe gemagtig, kan -

- (a) 'n sertifikaat in subregulasie (3) bedoel aan staatsdepartemente van die Republiek van Suid-Afrika of 'n vreemde land uitreik indien sodanige sertifikaat na sy mening vir amptelike doeleindes benodig word;
- (b) te eniger tyd 'n sertifikaat in subregulasie (3) bedoel opeis indien hy vermoed dat daarmee gepeuter is of dat die voorwaardes waarop dit uitgereik is, nie nagekom is nie.

(5) In die geval van 'n doodgeboorte kan 'n verkorte geboortesertifikaat met die woorde "Sertifikaat van Doodgeboorte" daarop aangebring, uitgereik word.

(6) 'n Geboorte-, huwelik- of sterftesertifikaat word sonder enige wysigings uitgereik.

Opgawes

15. (1) Die persoon in beheer van enige hospitaal, kraaminrigting, verpleeginrigting, weeshuis of soortgelyke inrigting moet, wanneer dit van hom verlang word, aan die registrateur of assistent-registrateur van die distrik of gebied waarin sodanige inrigting geleë is, weekliks 'n opgawe van alle geboortes, doodgeboortes en sterfgevälle, wat in sodanige inrigting plaasvind, verstrek.

(2) Such return shall state -

- (a) in the case of a birth or still-birth, the date thereof and the name and address of the mother; and
- (b) in the case of a death, the date thereof and the full names and identity number of the deceased or, if the identity number is not available, his date of birth.

Removal orders

16. (1) No removal order shall be granted in terms of section 29 of the Act unless the prescribed form of information in respect of the death of the deceased whose body is to be removed, has been duly completed and handed to the registrar, assistant registrar or police officer, as the case may be.

(2) Any person who removes or causes the removal of a body from the district or area in which the deceased has died shall, unless he is in possession of the prescribed removal order, be guilty of an offence.

Burial registers

17. The person referred to in section 14 of the Act shall enter into the burial register, in addition to any other particulars which may be required by any urban local authority, the full names and surname of the deceased, sex, last-known address, population group, date of death, date of burial, cause of death, the date and place of issue of the burial order or, if no burial order is produced, the name and address of the clergyman or undertaker.

Returns in terms of the Merchant Shipping Act, 1951, and section 38A of the Act

18. (1) The registrar shall upon receipt of a return referred to in section 189 of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), or section 38A of the Act, transcribe the prescribed particulars into the registers concerned and include such returns with the forms of information and other documents which are to be forwarded to the Secretary at the end of each week.

(2) Sodanige opgawe vermeld -

- (a) in die geval van 'n geboorte of doodgeboorte, die datum daarvan en die naam en adres van die moeder; en
- (b) in die geval van 'n sterfgeval, die datum daarvan en die volle name en identiteitsnommer van die oorledene of, indien die identiteitsnommer nie beskikbaar is nie, sy geboortedatum.

Verwyderingsorders

16. (1) Geen verwyderingsorder word kragtens artikel 29 van die Wet uitgereik nie tensy die voorgeskrewe vorm van aangifte ten opsigte van die dood van die oorledene wie se lyk verwyder moet word behoorlik ingevul en aan die registrateur, assistent-registrateur of polisiebeampte, na gelang van die geval, oorhandig is.

(2) Enige persoon wat 'n lyk verwyder of laat verwyder vanuit die distrik of gebied waarin die oorledene gesterf het, begaan 'n misdryf tensy hy in besit is van die voorgeskrewe verwyderingsorder.

Begrafnisregisters

17. Die persoon bedoel in artikel 14 van die Wet moet in die begrafnisregister, benewens enige ander besonderhede wat deur enige stedelike plaaslike bestuur verlang word, die volle voorname en van van die oorledene, geslag, laasbekende adres, bevolkingsgroep, sterfdatum, begrafnisdatum, oorsaak van dood, die datum en plek van uitreiking van die begrafnisorder of, as geen begrafnisorder getoon is nie, die naam en adres van die predikant of begrafnisondernemer inskryf.

Opgawes in terme van die Handelskeepvaartwet, 1951, en artikel 38(A) van die Wet

18. (1) Die registrateur moet by ontvangs van 'n in artikel 189 van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), of 'n in artikel 38A van die Wet bedoelde opgawe, die voorgeskrewe besonderhede oorskryf in die betrokke registers en sodanige opgawes insluit by die vorms van, aangifte en ander dokumente wat aan die einde van elke week aan die Sekretaris gestuur word.

(2) The registrar shall, for the purpose of subregulation (1), on receipt of an application in writing, issue a birth certificate or death certificate, as the case may be, on the prescribed form.

Inquiries in terms of section 13 of the Act

19. (1) In the case of an inquiry or trial in terms of the provisions of section 13 of the Act, the registrar of the Supreme Court or the clerk of the court concerned shall complete the prescribed form and furnish the following additional particulars, namely -

- (a) in the case of a death from natural causes, the nature of the disease, in so far as it has been ascertained, and if a medical practitioner was a witness, as described by such medical practitioner; and
- (b) in the case of death from unnatural causes -
 - (i) if the information is available, whether the injury causing the death is the result of homicide, suicide or accident;
 - (ii) the nature of the injury; and
 - (iii) the means whereby or instrument with which the injury was inflicted and the special circumstances, if any, under which the injury was sustained.

(2) If the corpse has not been recovered the words "Body not recovered" shall be added to such particulars.

- (3) (a) Any policeman referred to in section 13A(1) of the Act shall as soon as possible complete the prescribed form in respect of the death of a person presumably caused by other causes than natural causes, in triplicate.
- (b) Such policeman shall keep the original form with his records and forward the two copies to the magistrate of the district in which the death occurred.

(2) Die registrateur moet vir die doeleindes van subregulasie (1), by ontvangs van 'n skriftelike aansoek, 'n geboorte of sterftesertifikaat, na gelang van die geval, op die voorgeskrewe vorm uitreik.

Ondersoeke ingevolge artikel 13 van die Wet

19. (1) In die geval van 'n ondersoek of verhoor ingevolge die bepalings van artikel 13 van die Wet, moet die griffier van die Hooggeregshof of die betrokke klerk van die hof die voorgeskrewe vorm voltooi en die volgende bykomende besonderhede verstrek, naamlik -

- (a) in die geval van dood weens natuurlike oorsake, die aard van die siekte, vir sover dit vasgestel is, en indien 'n mediese praktisyn 'n getuie was, soos deur sodanige mediese praktisyn beskryf; en
- (b) in die geval van dood weens onnatuurlike oorsake -
 - (i) indien die inligting beskikbaar is, of die besering wat die dood veroorsaak het die gevolg is van moord, selfmoord of ongeluk;
 - (ii) die aard van die besering; en
 - (iii) die middel of instrument waarmee die besering toegedien en die besondere omstandighede, as daar is, waaronder die besering opgedoen is.

(2) Indien die lyk nie gevind is nie moet die woorde "liggaam nie gevind nie" by sodanige besonderhede gevoeg word.

- (3) (a) 'n Polisiebeampte bedoel in artikel 13A(1) van die Wet moet die voorgeskrewe vorm ten opsigte van die dood van 'n persoon wat vermoedelik veroorsaak is deur ander oorsake as natuurlike oorsake, so gou doenlik in drievoud invul.
- (b) Sodanige polisiebeampte hou die oorspronklike vorm by sy rekords en stuur die twee afskrifte aan die landdros van die distrik waarin die sterfgeval voorgekom het.

- (c) The magistrate shall complete the portions of such form pertaining to him, keep one copy with his records and forward the other one to the registrar concerned.
- (4) (a) The registrar shall enter the particulars furnished on the forms referred to in subregulations (1) and (3) in the death register, endorse such entry with the words "Provisional Notification" and keep such forms with his records.
- (b) On receipt of such forms the registrar shall issue a provisional death certificate.
- (6) (a) On receipt of further particulars at completion of the inquest or other inquiry referred to in section 13 of the Act, the registrar shall enter any additional particulars in respect of the "Provisional Notification" in the death register and, if necessary, alter any particulars already entered to conform with those furnished on such further form.
- (b) The registrar shall thereafter delete the words "Provisional Notification" in the death register and forward all the forms concerned to the Secretary.
- (7) The registrar shall, on written application, issue a final death certificate.
- (c) Die landdros voltooi die gedeeltes van sodanige vorm wat op hom betrekking het, hou een afskrif op rekord en stuur die ander een aan die betrokke registrateur.
- (4) (a) Die registrateur teken die besonderhede verstrekkend in die in subregulasies (1) en (3) bedoelde vorms in die sterfgevalleregister aan, endosseer sodanige aantekening met die woord "Voorlopige Kennisgewing" en hou sodanige vorms by sy rekords.
- (b) By ontvangs van sodanige vorms reik die registrateur 'n voorlopige sterftesertifikaat uit.
- (5) (a) By ontvangs van verdere besonderhede by afhandeling van die geregtelike doodsondersoek of ander ondersoek in artikel 13 van die Wet bedoel, teken die registrateur enige bykomende besonderhede ten opsigte van die "Voorlopige Kennisgewing" in die sterfgevalleregister aan en, indien nodig, word besonderhede wat reeds ingeskryf is, gewysig om ooreen te stem met dié wat in sodanige verdere vorm vervat is,
- (b) Die registrateur skrap daarna die woorde "Voorlopige Kennisgewing" in die sterfgevalleregister, en stuur al die betrokke vorms aan die Sekretaris.
- (6) Die registrateur reik op skriftelike aansoek 'n finale sterftesertifikaat uit.

Duties of marriage officer

20. (1) Any marriage officer shall after the signing of the register referred to in section 40 of the Act, complete the prescribed marriage certificate and hand it over to one of the spouses concerned.

(2) Any marriage officer shall preserve and keep in safe custody all forms, registers and marriage certificates supplied to him and all completed registers and other documents in his possession.

Pligte van huweliksbevestiger

20. (1) 'n Huweliksbevestiger moet na die ondertekening van die in artikel 40 van die Wet bedoelde register, die voorgeskrewe huweliksertifikaat voltooi en aan een van die betrokke egteliede oorhandig.

(2) 'n Huweliksbevestiger moet alle vorms, registers en huweliksertifikate wat aan hom verskaf is en alle ingevulde registers en ander dokumente in sy besit in goeie toestand hou en op 'n veilige plek bewaar.

Certificates of marriage solemnized outside the Republic

21. (1) If a South African citizen who is ordinarily resident in the territory of South West Africa, marries in a country outside the Republic according to the laws of such country, such person shall, within 60 days of the date of such marriage, furnish the Secretary with a marriage certificate issued by the authorities of such country.

(2) The Secretary shall keep every such certificate received by him and issue a marriage certificate to such person.

Mistakes in marriage register

22. (1) Every correction or completion in a marriage register shall be initialled by the marriage officer who solemnized the marriage concerned.

(2) (a) Such correction or completion shall also be initialled by one or both spouses, if they are readily available and can be traced within one month from the date of solemnization of the marriage.

(b) If the spouses concerned are not available, the marriage officer shall indicate on such marriage register that the spouses cannot be traced and that he has effected the rectification to the best of his knowledge and ability.

(3) Any document which gave rise to the rectification shall be attached to the original marriage register.

(4) Any error in any marriage register shall be corrected by only drawing a line in ink through the wrong word, letter or figure and inserting the correct word, letter or figure above it.

Sertifikate van huwelike gesluit buite die Republiek

21. (1) Indien 'n Suid-Afrikaanse burger wat gewoonlik in die gebied Suidwes-Afrika woonagtig is in 'n land buite die Republiek trou ooreenkomstig die reg van sodanige land, moet sodanige persoon die Sekretaris binne 60 dae na die datum van sodanige huwelik voorsien van 'n huweliksertifikaat deur die owerheid van sodanige land uitgereik.

(2) Die Sekretaris moet elke sodanige sertifikaat wat hy ontvang, bewaar en 'n huweliksertifikaat aan sodanige persoon uitreik.

Foute in huweliksregister

22. (1) Elke verbetering of aanvulling in 'n huweliksregister word deur die huweliksbevestigter wat die betrokke huwelik voltrek het, geparafeer.

(2) (a) Sodanige verbetering of aanvulling word ook deur een of albei egteliede, indien hulle geredelik beskikbaar is en binne een maand vanaf die datum van huweliksluiting opgespoor kan word, geparafeer.

(b) Indien die betrokke egteliede nie beskikbaar is nie, moet die huweliksbevestigter op sodanige huweliksregister aandui dat die egteliede nie opgespoor kan word nie en dat hy die regstelling na die beste van sy wete en vermoë gedoen het.

(3) Enige dokument wat tot die regstelling aanleiding gegee het, of 'n afskrif daarvan, moet aan die oorspronklike huweliksregister geheg word.

(4) 'n Fout in 'n huweliksregister word verbeter deur slegs 'n lyn met ink deur die foutiewe woord, letter of syfer te trek en die korrekte woord, letter of syfer daarbo in te skryf.